(2) Die bepalings van paragraaf *(b)* van subartikel (6) van artikel 62 van die Hoofwet, soos bygevoeg deur subartikel (1) van hierdie artikel, en die wysiging van die bestaande bepalings van die genoemde subartikel (6) vir sover dit betrekking het op die genoemde paragraaf *(b)*, word geag op 13 Julie 1956 in werking te getree het: Met dien verstande dat indien grond bedoel in subparagraaf (i) van genoemde paragraaf *(b)* onderverdeel is voor die afkondiging van hierdie Wet in die *Staatskoerant*, en die hoeveelheid water wat ten opsigte van elke onderverdeling daarvan sonder die magtiging van die Minister van Waterwese by ooreenkoms bepaal is voor daardie afkondiging, sodanige bepaling geag word deur genoemde Minister kragtens genoemde subparagraaf (i) gemagtig te gewees het, mits die hoeveelheid water wat ingevolge sodanige bepaling ten opsigte van die een of ander sodanige onderverdeling uitgehaal mag word, in dieselfde verhouding staan tot die hoeveelheid water wat ten opsigte van daardie grond uitgehaal kon geword het, as dié waarin daardie onderverdeling tot daardie grond staan.

**10.** Artikel 63 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragrawe *(a)* en *(d)* van subartikel (8) die uitdrukking „twintig morg" deur die uitdrukking „sewentien hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 63 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 56 van 1961, artikel 1 van Wet 63 van 1963, artikel 6 van Wet 77 van 1969, artikel 6 van Wet 36 van 1971 en artikel 12 van Wet 42 van 1975.

**11.** Artikel 81 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van artikel 81 van Wet 54 van 1956.

„Elke persoon wie se naam op die volgens artikel 83 opgestelde kieserslys van 'n besproeiingsdistrik voorkom, is bevoeg om as lid van die besproeiingsraad van daardie distrik gekies te word, tensy hy volgens artikel 82 (1) onbevoeg is

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



section 82 (1) or is without the permission of the Minister a party to any subsisting contract with the board exceeding one thousand rand in value, or is without such permission interested in any such contract:".

Amendment of section 82 of Act 54 of 1956.

**12.** Section 82 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subparagraph (i) of paragraph *(b)* of subsection (1) for the expression "five morgen" wherever it appears, of the expression "five hectare".

Amendment of section 83 of Act 54 of 1956.

**13.** Section 83 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subparagraphs (ii) and (iii) of subsection (1) for the expression "five morgen" of the expression "five hectare".

Amendment of section 88 of Act 54 of 1956, as amended by section 14 of Act 56 of 1961, section 5 of Act 71 of 1965 and section 8 of Act 36 of 1971.

**14.** Section 88 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subparagraph (ii) of paragraph *(b)* of subsection (1) for the word "morgen" wherever it appears, of the word "hectare".

Amendment of section 90 of Act 54 of 1956.

**15.** Section 90 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(b)* of subsection (1) for the word "morgen" of the word "hectare".

Amendment of section 91 of Act 54 of 1956, as amended by section 15 of Act 56 of 1961.

**16.** Section 91 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(c)* of subsection (1) for the word "morgen" of the word "hectare".

Amendment of section 99 of Act 54 of 1956.

**17.** Section 99 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A member of an irrigation board shall not, except in so far as the Minister otherwise directs, receive any salary, allowance, fee or reward for, on account of, or by reason of his being a member of such board, or, without the permission of the Minister, enter into a contract with such board exceeding one thousand rand in value or be directly interested in any such contract.".

Amendment of section 120 of Act 54 of 1956.

**18.** Section 120 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph *(a)* of subsection (3) for the word "morgen" of the word "hectare".

Amendment of section 121 of Act 54 of 1956, as amended by section 11 of Act 36 of 1971 and section 4 of Act 27 of 1976.

**19.** Section 121 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(e)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(e)* meeting the administrative and incidental expenses of the said board up to the date on which it commences to supply water, such loan being repayable on or before the last day of the financial year of the board during which it so commences to supply, or, with the approval of the Minister, on or before such later date as may be fixed by him, not being more than ten years after the said day;";

*(b)* by the substitution for paragraph *(g)* of the said subsection (1) of the following paragraph:

"*(g)* making loans, not exceeding in any case five hundred rand, to registered owners of immovable property for the installation thereon of water piping and fittings in connection with the supply of water for domestic purposes, every such loan being a debt due to the water board by the owner and his successors in title, bearing interest at a rate to be fixed by the said board (which rate shall be sufficient to cover the costs incurred by the board in connection with such loan) and shall be repay-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



om te stem, of sonder toestemming van die Minister by 'n bestaande kontrak met die raad ter waarde van meer as eenduisend rand party is of by so 'n kontrak belang het:".

**12.** Artikel 82 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subparagraaf (i) van paragraaf *(b)* van subartikel (1) die uitdrukking „vyf morg", oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking „vyf hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 82 van Wet 54 van 1956.

**13.** Artikel 83 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subparagrawe (ii) en (iii) van subartikel (1) die uitdrukking „vyf morg" deur die uitdrukking „vyf hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 83 van Wet 54 van 1956.

**14.** Artikel 88 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subparagraaf (ii) van paragraaf *(b)* van subartikel (1) die woord „morge" oral waar dit voorkom, met die woord „hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 88 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 56 van 1961, artikel 5 van Wet 71 van 1965 en artikel 8 van Wet 36 van 1971.

**15.** Artikel 90 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(b)* van subartikel (1) die woord „morg" deur die woord „hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 90 van Wet 54 van 1956.

**16.** Artikel 91 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(c)* van subartikel (1) die woord „morge" deur die woord „hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 91 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 56 van 1961.

**17.** Artikel 99 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Lid van 'n besproeiingsraad ontvang, behalwe vir sover die Minister anders gelas, geen salaris, toelae, geld of beloning vir of uit hoofde of omrede van sy lidmaatskap van daardie raad nie, en mag nie sonder toestemming van die Minister 'n kontrak met so 'n raad ter waarde van meer as eenduisend rand aangaan of regstreeks by so 'n kontrak belang hê nie.".

Wysiging van artikel 99 van Wet 54 van 1956.

**18.** Artikel 120 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf *(a)* van subartikel (3) die woord „morg" deur die woord „hektaar" te vervang.

Wysiging van artikel 120 van Wet 54 van 1956.

**19.** Artikel 121 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 121 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 36 van 1971 en artikel 4 van Wet 27 van 1976.

*(a)* deur paragraaf *(e)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(e)* die bestryding van administratiewe en bykomende uitgawes van bedoelde raad tot op die datum waarop hy water begin verskaf, in watter geval die lening terugbetaal moet word op of voor die laaste dag van die boekjaar van die raad waarin hy aldus begin verskaf, of, met goedkeuring van die Minister, op of voor so 'n latere datum as wat hy mag bepaal, maar nie meer as tien jaar na bedoelde dag nie;";

*(b)* deur paragraaf *(g)* van die genoemde subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(g)* die toestaan van lenings in geen geval vyfhonderd rand te bowe gaande nie, aan geregistreerde eienaars van onroerende eiendom vir die aanlê daarop van waterpype en toebehore in verband met die verskaffing van water vir huishoudelike doeleindes, en so 'n lening is 'n skuld deur die eienaar en sy regsopvolgers aan die waterraad verskuldig, wat rente dra teen 'n koers deur bedoelde raad bepaal (welke koers voldoende moet wees om die koste deur die raad in verband met sodanige lening aangegaan, te dek) en is terugbetaalbaar in gelyke

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



able in equal monthly instalments together with interest over such period not exceeding five years from the date of the loan as may be determined by the water board."; and

*(c)* by the substitution for the proviso to subsection (5) of the following proviso:

"Provided that no advance shall be made in respect of any water work the total cost of which (as estimated by the Minister) will exceed when completed as an independent scheme two hundred thousand rand, unless a report on the proposed work has been laid on the Tables of both Houses of Parliament and such advance has been approved by resolution of both such Houses.".

Amendment of section 157 of Act 54 of 1956, as amended by section 16 of Act 56 of 1961, section 10 of Act 77 of 1969, section 11 of Act 102 of 1972, section 20 of Act 42 of 1975 and section 5 of Act 27 of 1976.

**20.** Section 157 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* an irrigation loan—

(i) which is repayable within a period exceeding thirty years; or

(ii) in respect of any water works the total estimate (as made by the Minister) of the cost of which exceeds, when completed as an independent scheme, two hundred thousand rand,

shall not be granted unless such loan has been approved by resolution of both Houses of Parliament, and, in the case of a loan in respect of a water work referred to in subparagraph (ii), a report on the proposed work has been laid on the Tables of both such Houses."; and

*(b)* by the substitution for the proviso to paragraph *(a)* of subsection (1A) of the following proviso:

"Provided that if—

(i) the original estimate or a previously revised estimate does not exceed two hundred thousand rand and such revised estimate exceeds two hundred thousand rand; or

(ii) such revised estimate exceeds the original estimate or a previously revised estimate which exceeds two hundred thousand rand, by two hundred thousand rand;

such further irrigation loan shall not be granted unless the provisions of subsection (1) *(b)* (ii) have been complied with;".

Amendment of section 162 of Act 54 of 1956, as amended by section 18 of Act 56 of 1961, section 6 of Act 71 of 1965, section 11 of Act 77 of 1969, section 13 of Act 36 of 1971, section 21 of Act 42 of 1975 and section 6 of Act 27 of 1976.

**21.** Section 162 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(a)* no subsidy shall be granted in respect of any water work the total cost of which in the opinion of the Minister, is likely to exceed two hundred thousand rand;".

Amendment of section 170 of Act 54 of 1956, as amended by section 5 of Act 63 of 1963, section 7 of Act 79 of 1967 and section 12 of Act 77 of 1969.

**22.** Section 170 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for all the words after paragraph *(h)* in subsection (1) of the following words:

"shall be guilty of an offence and liable, in the case of a first conviction, to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment, and, in the case of a second or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



maandelikse paaiemente, tesame met rente, oor so 'n tydperk van hoogstens vyf jaar vanaf die datum van die lening as wat die waterraad mag bepaal."; en

*(c)* deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (5) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat geen voorskot gemaak word nie ten opsigte van enige waterwerk waarvan die totale koste (soos deur die Minister geraam) by voltooiing as 'n selfstandige skema meer as tweehonderdduisend rand bedra, tensy 'n verslag oor die voorgestelde werk in beide Huise van die Parlement ter Tafel gelê is en sodanige voorskot by besluit van beide bedoelde Huise goedgekeur is.".

Wysiging van artikel 157 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 56 van 1961, artikel 10 van Wet 77 van 1969, artikel 11 van Wet 102 van 1972, artikel 20 van Wet 42 van 1975 en artikel 5 van Wet 27 van 1976.

**20.** Artikel 157 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(b)* 'n besproeiingslening—

(i) terugbetaalbaar binne 'n tydperk van meer as dertig jaar; of

(ii) ten opsigte van waterwerke waarvan die totale raming (soos deur die Minister gedoen) van die koste by voltooiing as 'n selfstandige skema meer as tweehonderdduisend rand bedra,

nie toegestaan word nie tensy sodanige lening by besluit van beide Huise van die Parlement goedgekeur is en, in die geval van 'n lening vir 'n in subparagraaf (ii) bedoelde waterwerk, 'n verslag oor die voorgestelde werk in beide bedoelde Huise ter Tafel gelê is."; en

*(b)* deur die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(a)* van subartikel (1A) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat indien—

(i) die aanvanklike of 'n vorige hersiene raming nie tweehonderdduisend rand oorskry nie en bedoelde hersiene raming tweehonderdduisend rand oorskry; of

(ii) bedoelde hersiene raming die aanvanklike raming of 'n vorige hersiene raming wat tweehonderdduisend rand oorskry, met tweehonderdduisend rand oorskry;

so 'n verdere besproeiingslening nie toegestaan word nie tensy die bepalings van subartikel (1) *(b)* (ii) nagekom is;".

Wysiging van artikel 162 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 56 van 1961, artikel 6 van Wet 71 van 1965, artikel 11 van Wet 77 van 1969, artikel 13 van Wet 36 van 1971, artikel 21 van Wet 42 van 1975 en artikel 6 van Wet 27 van 1976.

**21.** Artikel 162 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* word geen subsidie ten opsigte van 'n waterwerk waarvan die totale koste volgens die Minister se oordeel waarskynlik tweehonderdduisend rand sal oorskry, toegestaan nie;".

Wysiging van artikel 170 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 63 van 1963, artikel 7 van Wet 79 van 1967 en artikel 12 van Wet 77 van 1969.

**22.** Artikel 170 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur al die woorde na paragraaf *(h)* in subartikel (1) deur die volgende woorde te vervang:

„is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar, in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf, en, in die geval van 'n tweede of latere skuldigbevin-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



subsequent conviction, to a fine not exceeding one thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person who is convicted of an offence under section 21, 22 or 23 shall be liable, in the case of a first conviction, to a fine not exceeding two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment, and, in the case of a second or subsequent conviction, to a fine of not less than one thousand rand or to imprisonment for a period of not less than six months or to both such fine and such imprisonment.";

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Any person who contravenes or fails to comply with any regulation made under this Act or any by-law made under this Act by an irrigation board or a water board, or commits any offence against the provisions of this Act for which no penalty is expressly provided, shall be liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment."; and

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Any person who has been convicted of any offence under this Act, and who after such conviction persists in the course of conduct which constituted the said offence, shall be guilty of a continuing offence and liable on conviction, in the case of an offence referred to in subsection (2), to a fine not exceeding one hundred rand, and, in the case of any other offence, to a fine not exceeding twenty-five rand, in respect of every day that he so persists or has so persisted.".

Insertion of section 174A in Act 54 of 1956.

**23.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 174:

"Supply of water at points on the borders of the Republic, and in territories outside the Republic.

**174A.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act or any other law, the Minister or, with the approval of the Minister any body empowered under this Act or any other law to supply or distribute water, whether private or public water, within the area for which it is established, may supply water in bulk or otherwise to any person (including any government or administration) at any point on the border between the Republic and any territory adjoining it or, with the approval of the government concerned, within such territory for use by such person in such territory or to supply or distribute on behalf of such person to others for use therein.

(2) Subject to the provisions of subsection (3), the provisions of this Act or any other law, shall, in so far as they can be applied, apply *mutatis mutandis* in connection with the supply or distribution of water in terms of subsection (1) at any point on the border of the Republic or at any place in such territory as if such point or place were an area within the Republic and, in the case of such supply or distribution by a body referred to in subsection (1), within the area of such body, and as if any water so supplied or distributed were intended for use in such an area.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



ding, met 'n boete van hoogstens eenduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.";

(*b*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Iemand wat skuldig bevind word weens 'n misdryf ingevolge artikel 21, 22 of 23 is strafbaar, in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf, en, in die geval van 'n tweede of latere skuldigbevinding, met 'n boete van minstens eenduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens ses maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.";

(*c*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Iemand wat 'n regulasie ingevolge hierdie Wet uitgevaardig, of 'n verordening ingevolge hierdie Wet deur 'n besproeiingsraad of 'n waterraad uitgevaardig, oortree of versuim om daaraan te voldoen, of 'n misdryf teen die bepalings van hierdie Wet begaan waarvoor geen boete uitdruklik voorgeskryf is nie, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf."; en

(*d*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Iemand wat weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind is, en wat na die skuldigbevinding voortgaan met die gedragslyn wat daardie misdryf uitgemaak het, is aan 'n voortdurende misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar, in die geval van 'n in subartikel (2) bedoelde misdryf, met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand, en, in die geval van enige ander misdryf, met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig rand, ten opsigte van elke dag waarop hy aldus daarmee voortgaan of voortgegaan het.".

**Invoeging van artikel 174A in Wet 54 van 1956.**

**23.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 174 ingevoeg:

„Voorsiening van water by punte op die grense van die Republiek, en in gebiede buite die Republiek.

**174A.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of die een of ander wet, kan die Minister of, met die goedkeuring van die Minister, enige liggaam wat kragtens hierdie Wet of die een of ander wet die bevoegdheid verleen word om water, hetsy private of openbare water, binne die gebied waarvoor hy ingestel is, te voorsien of distribueer, water in groot maat of andersins voorsien aan iemand (met inbegrip van enige regering of administrasie) by enige punt op die grens tussen die Republiek en enige gebied wat daaraan grens of, met die goedkeuring van die betrokke regering, in sodanige gebied vir gebruik deur so iemand in sodanige gebied of namens so iemand vir ander vir gebruik daarin voorsien of distribueer.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3), is die bepalings van hierdie Wet of die een of ander wet, vir sover hulle toegepas kan word, *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die voorsiening of distribusie van water ingevolge subartikel (1) by enige punt op die grens van die Republiek of op 'n plek in sodanige gebied asof sodanige punt of plek 'n gebied is binne die Republiek en, in die geval van sodanige voorsiening of distribusie deur 'n liggaam bedoel in subartikel (1), binne die gebied van daardie liggaam, en asof enige water wat aldus voorsien of distribueer word vir gebruik in so 'n gebied bestem is.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act or any other law, the terms and conditions on which water may be supplied or distributed in terms of subsection (1), shall be such as may be mutually agreed upon between the Minister or, in the case of a body referred to in subsection (1), with the approval of the Minister, the body concerned and the person (including any government or administration) to be supplied with water or on whose behalf water is to be supplied or distributed.".

Short title.

**24.** This Act shall be called the Water Amendment Act, 1977.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of die een of ander wet, is die bedinge en voorwaardes waarop water ingevolge subartikel (1) voorsien of distribueer word, dié waarop onderling deur die Minister of, in die geval van 'n liggaam in subartikel (1) bedoel, met die goedkeuring van die Minister, die betrokke liggaam en die persoon (met inbegrip van enige regering of administrasie) aan wie die water voorsien of namens wie water voorsien of distribueer word, ooreengekom word.".

**24.** Hierdie Wet heet die Waterwysigingswet, 1977. Kort titel.